**Sondag 16 Oktober**

**Skrifgedeelte: Numeri 14:1-35**
**Fokusgedeelte: Numeri 14:24**

## God se diensknegte aanvaar sy Woord

Opstand en verwyt is die volk se reaksie wanneer hulle tien van die 12 verkenners se negatiewe verslag oor die beloofde land hoor. Wat is die rede hoekom Israel se opgetree het? Ongeloof! Hulle het nie geglo dat God sy woord kan hou nie. God het baie duidelik beloof dat Hy aan hulle die beloofde land sal gee, maar nou dink Israel dat Hy dit nie kan doen nie!

Die gevolge is verskriklik! God wil die volk uitroei. Wanneer Moses vir die volk pleit, sien die Here daarvan af om die volk uit te roei. Hy sien egter nie daarvan af om hulle te straf nie. Sonde het altyd gevolge. Wanneer die volk die beloofde land verwerp (en selfs terug wil gaan Egipte toe), sal hulle nie die beloofde land sien nie.

In God se optrede leer ons twee dinge:

- God is genadig. Hy bly getrou aan sy verbond en Hy wil vergewe.
- God is regverdig. Vergifnis is nooit ten koste van sy eer en regverdigheid nie.

Dat God genadig en regverdig is, sien ons in Jesus Christus wat vir ons sondes betaal het sodat God gelowiges kan vergewe.

Twee van die 12 verkenners, naamlik Kaleb en Josua, sal wel die beloofde land sien. God se diensknegte vertrou God en aanvaar sy Woord. Hulle praat oor God en vertel vir ander van God se getrouheid, sy almag, regverdigheid en verlossing – selfs al wil mense dit nie hoor of aanvaar nie.

Geliefde mede-dienskneg van God, aanvaar God se Woord en sy beloftes. Leef dit uit en praat met ander daaroor. God se evangeliewoord is die enigste oplossing vir ’n stukkende wêreld.

*Sing: Skrifberyming 12-3:1, 2, 3*

*Dr. HM (Heinrich) Zwemstra (Pretoria-Annlin)*